Week 2: Sukses is...om na diep verhoudings eerder as relevansie te streef.
Teks: Genesis 16:16

In meeste van ons leef die honger om relevant te wees. Om my bestaan op aarde te 'regverdig' op grond van my suksesstories. En of my 'sukses' raakgesien word? Die vraag is natuurlik wat is jou definisie van sukses?

Ons leef vanuit ons oortuigings; vanuit die stories wat ons mekaar vertel oor hoe 'n goeie en relevante lewe lyk. En een van die dominante stories/narratiewe in ons wêreld is die **opgaar**-storie: dat ons ontwerp is vir selfgenoegsaamheid en woorde gebruik soos *"self made"* – dat ander mense my *kompetisie* is en sukses is om op die ou end die 'meeste' te hê (meeste titels, geld, invloed, ens). Dis 'n ongelukkig ook 'n storie waar mense ont-menslik word tot 'n rat in 'n sisteem – 'n item om te verbruik sodat ek my drome kan najaag.

Die storie van die Bybel/Evangelie is radikaal anders: Hierdie storie sê ons vind nie ons doel in selfgenoegsaamheid nie, maar wanneer ons ontdek dat die lewe 'n geskenk is; ons is nie *self-made* nie maar geskep vir verhoudings. Soos Walter Brueggemann dit stel: "The outcome of life is not to own the most goods, but to be well situated in a community of fidelity and commonality. And that the people that travel along with me are not threats or rivals or competitors, but neighbours."

Die gevaar is dat ons in die najaag daarvan om relevant te wees ons siel/menswees kan verloor soos wat Henry Nouwen ontdek het: "Everyone was saying that I was doing really well, but something inside me was telling me that my success was putting my soul in danger."

Ek is seker dat ons almal beide hierdie stories/narratiewe in ons lewe kan identifiseer. Hul kompeteer vir ons lojaliteit.

Sarai, Hagar en Abram(Gen 16)
Ons vind ook dieselfde twee kompeterende stories in hierdie Bybelverhaal. Met die eerste oogopslag wonder mens hoe so 'n storie van uitbuiting en ontmensliking opeindig in die Bybel. En tog as ons dieper kyk vind ons onsself in die storie.

Sarai se onvrugbaarheid is 'n bedreiging vir haar status in 'n samelewing wat groot waarde heg aan vroue se vermoë om kinders in die wêreld te bring - kinderloosheid was 'n skande. Surrogaat-moederskap was daarom ook baie algemeen en vir haar en Abram die logiese

volgende tree. Hagar die slavin is daar vir hul om 'verbruik' sodat hul hul relevansie-status kan herstel – ten koste van haar.

Hul stories is vervleg – die ontmensliking van die een lei tot die ontmensliking van die ander. Want na Hagar swanger word, is Sarai kwaad vir haar – sy projekteer haar pyn en veroorsaak meer trauma. En sy haal dit op Abram uit (16:5) "Die onreg wat aan my gedoen is, is jou skuld!" Die woord vir onreg kan ook vertaal word as geweld. Wat Sarai aangedoen word volgens die 'reëls' van die dag, is 'n stuk geweld. En wat sy aan Hagar doen, is *paying it forward*. Want geweld is nie net wat jy fisies aan iemand doen nie; dis ook woorde en dade wat iemand se menslikheid vernietig. Op hierdie punt vlug die swanger Hagar na die wildernis. Die wreedheid in die storie kom nie van God af nie. Die geweld kom van ons af; die gevolge van ons dramas om relevant te wees.

En hier verskyn God aan haar. Behalwe vir die naamlose vrou van Manoag (Simson se ma) is daar geen ander vrou in die Ou Testament aan wie God verskyn nie. En God se heel eerste verskyning is aan iemand wat heel agter in die ry staan! Hagar na naam beteken vreemdeling/ vlugteling. Nou, as dit nie vir ons iets oor GOD sê nie, dan weet ek nie. "As Abram die vader van al die gelowiges is, dan is Hagar die moeder van almal wat glo" Allan Boesak.

Hagar is ook die eerste persoon wat 'n naam vir God gee: (Gen 16:13) **El Roi** - *die God wat sien*. Hagar as slaaf was gewoond daaraan dat sy misgekyk word. "Ek het nou die een gesien wat my sien." Haar opmerking praat oor 'n universele waarheid: Die diepste verlange wat ons het is om raakgesien te word... deur ons Skepper! Vir Abraham is Hagar 'n verbruiksitem, vir Sarai is sy afstootlik. En vir God is sy onmisbaar. Hagar word nie net gehoor nie, sy word gesien.

Raakgesien

Ek glo daar is 'n tipe kettingreaksie wat aan die gang gesit word wanneer ons God se omgee en vriendskap ontdek – dat Hy ons raaksien. Dit gee vryheid van die pyn van die verlede, vreugde vir die lewe in die hier en nou, en bring hoop vir wat voorlê. Ons word ingetrek in sy universele familie en ervaar die krag van sy liefde wat ons transformeer. Ons begin hopelik sien wie God raaksien...

Wat sien Abram in Sarai? Wat sien Sarai in Hagar? Wat sien Hagar in Sarai? *En wat sien ek in ander?* Hoe 'relevant' hul is, hoe bruikbaar hul is? Of sien ek die mens? Watter lewens tel en wie tel nie? Ons identifiseer maklik met Hagar, en dalk ook Sarai, maar miskien is daar meer van Abraham in ons wat in sy stilte net toekyk.

Wie is jy besig om te raak? Dit is vraag wat die Bybel heeltyd vra. So wat kan ons doen? Wees 'n *ally* vir Hagar. Julie Claassens: "It is quite significant that Hagar is not written out of Israel's history but that her suffering is remembered." Ons toekoms hang af van die kwaliteit van ons liefde en verhoudings.

God definiëer sukses anders as relevansie: "He offers us (and in turn asks us to offer others) a more satisfying way of being known. His version of success delivers relevance in the only way that really matters: Life giving friendship." Pete Portal



Siona Benjamin: Beloved (Sarah and Hagar)